
RURAL AREAS BOX 63

# ONS LEER MEKAAR

Jaar 4 Nommer 4 R1-50 Augustus 1991

## Die pyn van die groeps-wette



THE CAPE TOWN
TRADE UNION
LIBRARY

**Lees oor:** Montagu, Paarl, Stellenbosch

Ons bring besoek aan Namakwaland en die Weskus

# INHOUD


## Gemeenskappe

Montagu Ko-operatief
*Waar werkers baas is* 3

Shac kry dinge gedoen
*op Stellenbosch* 15

Die pyn van die groeps-wette
*'n Storie van die Paarl* 31

## Besoek

*Ons Leer Mekaar* reis
*na die platteland* 6

## Onderhoud

Ma Karriem
*Stryd-ma en digter van Worcester* 9

## Mense se lewens

Taxi-ry is haar lewe
*Onderhoud met Elizabeth Abrahams* 19




*Voorbladfoto: The Argus*

PROCESSED



Uitgegee deur die *Ons Leer Mekaar* Redaksionele Kollektief van Breëstraat 215, Kaapstad.

Posadres:
Posbus 16485,
Vlaeberg, 8018.

Telefoon: 021-241672.

Gedruk deur Paarlse Drukpers, Jan van Riebeeckweg 7, Paarl.

*Ons Leer Mekaar* word teen R1-50 verkoop.





## Hulp hoekie

Vergeet maar die winkel seep
*Maak jou eie* 24

## Vervolg-verhaal

Liefde en Lewe op Eikedal
*Gaan Sara vir Nigel verloor?* 26

## Plaaswerkers

Dorp toe op 'n Saterdag-oggend
*'n storie deur Magrieta Prins* 35

## Briewe en Brokkies

Die weermag is nie welkom
*en ander brokkies* 37

# Montagu Ko-operatief:

# *waar werkers baas is*



*Lede van die Ko-operatief sit om een van die tafels wat hulle maak. Hulle neem almal saam besluite en deel die winste onder mekaar.*

*Foto: Chris Louw*

**Op 'n sonnige Saterdag-oggend op Montagu kom daar 'n gekap en geraas uit 'n groot skuur. In die agtergrond sing 'n vrou 'n opgewekte deuntjie. Wie werk so hard en so vrolik op 'n Saterdag? En waarom?**

Toe *Ons Leer Mekaar* ondersoek gaan instel, het ons die Montagu Skrynwerkers Ko-operatief leer ken - 'n besonderse groep mense wat op 'n besondere manier werk.

Hulle is 'n span van tien, waarvan vier vroue is. En almal in die span is saam eienaars van die skrynwerkers-besigheid. Maandag-oggende besluit die span wat hulle target vir die week is. "En as ons nie target slaan nie, dan moet ons sit, al is dit Saterdag", vertel Leon de Koker, die produksie-koördineerder.

"Jy werk vir jouself, so aan die einde van die dag kan jy nie 'n baas blameer, of sê baas waar is my loon nie. Hier moet almal saamtrek. Elke lid deel in die winste van die ko-operatief, maar ook omgekeerd: as ons verliese maak, deel elkeen daarin."

Die ko-operatief maak futon-beddens en ses-hoekige tafels, wat landwyd verkoop word. Futon beddens lyk soos harde plat matrasse wat op die grond oop gegooi word. Die tafels word veral in kantore gebruik, omdat baie tafels inmekaar pas om 'n groter tafel te maak. Dit word ook trapazoidal tafels genoem.

Baie council huise op Montagu het nie elektrisiteit nie. Die skrynwerkers verkoop hulle afval-houtjies teen R1 'n sak vir brandhout. Die semels verkoop hulle aan die boere wat hoenders en perde aanhou. "In die somer noem ons dit die Coke-fonds, die geldjies wat so inkom", sê Leon.

***Hier moet almal saamtrek. Elke lid deel in die winste van die ko-operatief, maar ook omgekeerd: as ons verliese maak deel elkeen daarin***

Hoe verskil so 'n ko-operatief van 'n gewone besigheid? Leon dink dit maak jou lewe baie makliker om saam met 'n ko-operatief te werk. Hy sê: "Almal moet saamtrek. Dit is 'n proses van help en oplig en leer. Almal leer vaardighede hier, en leer om besluite te neem. Ons hou elke tweede Donderdag 'n lid-vergadering. Daar kan jy jou gevoel uitspreek. Elkeen kan sy sê sê. So los ons probleme op."

Een van die lede vertel waarom 'n ko-operatief goed is: "By die baas-tipe ding in 'n fabriek kan die voorman jou dalk wil weg jaag omdat hy nie van jou hou nie. Dit gaan na baasvlak en van baasvlak af is dit uit by die deur! Maar hier in die ko-operatief weet jy jy word nie sonder rede *ge-fire* nie. Jy het 'n stem en jy sê wat jy wil sê. Jy deel in al die winste en jy deel in al die verlies.

Dit beteken nou nie jy kan alles in jou sak steek nie. Die ko-operatief is soos 'n baba wat gebore is wat jy moet groot-maak. Elkeen moet verantwoordelikheid vat.

***Die ko-operatief is soos 'n baba wat gebore is wat jy moet groot maak. Elkeen moet verantwoordelikheid vat***


Ons het besluit om net R60 uit elke R100 van die winste aan onsself te betaal as lone. Die res moet terug in die besigheid in, sodat dit kan groei.

Ons het 'n droom dat die omset teen 1993 R1 miljoen sal wees. Dan kan ons van die geld in ons gemeenskap terug ploeg en natuurlik nog mense in neem as lede."

Die Skrynwerkers Ko-operatief is nie afhanklik van geld van buite nie. Hulle het by die Montagu-Ashton Gemeenskapsdiens geld geleen om masjiene mee te koop. Dít betaal hulle elke maand terug. Hulle werk ook nou saam met die stoelmakers van Suurbraak en 'n ander ko-operatief op Montagu wat futons maak.

As die ko-operatief so groei dat hulle nuwe lede nodig kry, adverteer hulle in die koerant. "Een van ons reëls is dat suster en broer en neefs en oompies nie eerste kans kry om hier te kom werk nie", verduidelik Leon. "Ons soek die beste mense. Na ses maande kan hulle aandele koop, dan word hulle vaste lede van die ko-operatief."

Terwyl ons nog gesels, begin 'n vrou in 'n groen rok al dans-dans die deure toe trek. Die target is geslaan, en almal kan begin naweek hou. Die skrynwerkers vertrek al geselsende in 'n wit bakkie huis toe tot Maandag-oggend, wanneer 'n nuwe week vir hulle begin.





# *Ons Leer Mekaar reis na die platteland*

*Elke ses weke bring Ons Leer Mekaar besoek aan 'n deel van die platteland. Een van ons werkers, Douglas Wagenstroom, het onlangs 'n reis na die Weskus en Namakwaland onderneem. Op die volgende bladsye vertel hy van sy reis en wys 'n paar foto's.*

**Op Woensdag 17 April 1991 het ek uit Kaapstad vertrek om 'n besoek aan die Weskus en omliggende gebiede te bring. Ek het baie geleer op my reis, veral oor die pyn van mense wie se grond weg geneem is. Daar word baie stryde oor grond gevoer in die platteland. Ek het op baie dorpe aan gery om met die mense kennis te maak, soos byvoorbeeld in Malmesbury, Moreesburg, Klawer en Matjieskloof.**

Ek het *Elandskloof* besoek om die mense te ontmoet oor wie daar onlangs in *Ons Leer Mekaar* geskryf is. Hierdie mooi stuk grond het 28 jaar gelede behoort aan die bruin gemeenskap. Die kerk het die grond onder die mense uit verkoop en vandag behoort die

grond aan 'n boer. Hy gebruik die kerk as 'n skuur.

Die Elandsklowers plak nou al vir 28 jaar in hierdie rotsagtige gebied, terwyl hulle groen vallei aan iemand anders behoort.


Op *Citrusdal* is die mense erg ontstoke oor die munisipale vullishoop wat omtrent 2km van die behuisings-skema geleë is. 'n Stink reuk en baie vlieë hang oor die huise.

*Piketberg* se mense het 'n probleem met 'n saal wat gebou word. Die mense voel ongelukkig omdat die saal soos 'n fabriek lyk en klein venstertjies het. Die munisipaliteit weier om die bouery met die gemeenskap te bespreek.

Op *Springbok* het ek mense van die Namakwaland Raad van Kerke ontmoet. Ek is ook voorgestel aan die mense van *Matjieskloof*. Die gemeenskap was tydens my besoek besig met 'n staking en het geweier om dienskoste te betaal. Die rede hiervoor is dat Matjieskloof aan die Springbok munisipaliteit geskenk is sonder dat die mense van Matjieskloof ingelig is. As gevolg van die staking is die water- en elektrisiteit-toevoer af gesny en die mense moes maar ander planne maak.



*'n Inwoner van Matjieskloof met die huise van die dorpie in die agtergrond.*




*Die rotsagtige berge waar die mense van Elandskloof nou al vir 28 jaar plak. Oorkant die berg lê die lieflike vallei wat nou aan 'n boer behoort.*



*By die werkswinkel op Leliefontein is daar baie hard gewerk.*

*Leliefontein* is baie ver van alles. Hier werk al die mense saam. Hulle het hulle eie tuine en plant groente. Tydens my besoek is daar 'n groot werkswinkel gehou op die dorp. Baie organisasies van reg oor Namakwaland het dit bygewoon. Ek was verbaas om te sien hoe goed die mense hier georganiseer is. Ek het 'n tydjie gekry om oor *Ons Leer Mekaar* te praat by die werkswinkel en die mense was baie ge-interesseerd.



*Die saal op Piketberg met die klein vensterjies. Die mense sê dit lyk soos 'n fabriek.*

Van hier het ek vertrek na *Vanrynsdorp* en *Clanwilliam*. Dit was al my vyfde dag op die pad en ek was al baie moeg gery. Ek het nie lank gebly nie, maar ek hoop om weer hier 'n draai te maak.

Dit was goed om die mense van hierdie areas te ontmoet. Ek het gesien dat die mense hard organiseer en sterk staan in hulle stryd. Dit het my baie be-indruk. As daar een ding is wat ek geleer het op my reis, dan is dit dat die mense van die platteland besluit het dat hulle self moet werk om dinge te verander.

# Ma Karriem

## *stryd-ma en digter van Worcester*

Ma Karriem werk in 'n advies-kantoor op Worcester. Behalwe hiervoor is sy ook 'n digteres en 'n moeder. Sy woon saam met haar man Gabriel, twee van hulle kinders en hulle hond Adriaan Vlok in 'n blou huisie in ***Essellen Park***. *Ons Leer Mekaar* het daar gaan kuier en met haar gesels.



***Ons Leer Mekaar:* U is op die oomblik 'n werker by die advies-kantoor op Worcester en 'n lid van die ANC. Waar het u in die stryd betrokke geraak?**

**Ma Karriem:** Dit het alles in Grahamstad begin. Ek was 'n fabriek-werker en daar was 'n tyd toe mense in Grahamstad gedreig is met uitsetting omdat hulle huurgeld agterstallig was. Dit het my vreeslik gepla en ek het net hierdie gevoel gehad dat iets gedoen moes word. Dit is toe dat ek dink aan vrouens en wat hulle kan doen om ongeregtigheid te beveg. Ek is na die Sport and Social Association met 'n plan om te kyk hoekom mense nie huur betaal nie.

Hulle sê toe: "Bring vir ons tien vroue om aan die projek te werk". Ons het 'n vergadering belê vir die Saterdag. O, ek sal dit nooit vergeet nie, toe ek daar aan kom was daar honderde vrouens. Ons moes 'n saal gaan soek om in te vergader.

Ons het besluit om 'n opname te doen saam met studente van die universiteit oor mense se inkomstes en uitgawes. Ons wou aan die owerhede probeer bewys dat mense regtig nie kon bekostig om huur te betaal nie.

Op die ou einde het ons 'n interdik gekry en is mense nie uitgesit nie. Mense het ook meer bewus geraak van die armoede en swaarkry - dit het onder andere daartoe gelei dat 'n sop-kombuis begin is. Dit was 'n groot oorwinning in daardie tyd. Dit was regte vroueaksie!

***Ons Leer Mekaar:* U kom toe Worcester toe. Wat het u hier gedoen?**

**Ma Karriem:** Ek het eers hier in die hospitaal gewerk as maatskaplike werker en toe is ek vir 'n tydjie Amerika toe. Dit was 1986. My man het intussen sy werk verloor en ewe skielik was ons almal in die huis werkloos. Dit was 'n bietjie baie en ons moes iets doen. Twee jaar later het ek werk gekry by die Bolandse Raad van Kerke as 'n maatskaplike werker. Ek is in die tyd deur die polisie aangehou vir ondervraging.

Dit was met die aanhouding en ook as gevolg van die manier waarop my man sy werk verloor het dat ek begin dink het aan maniere waarop ons mense die sisteem kan beveg. My man het sy werk verloor

omdat die werkgewer gesê het hy is te oud en te siek. Die staat het gesê dat hy nie oud genoeg is om 'n pensioen te kry of siek genoeg vir 'n ongeskiktheids-toelaag nie.

***Ons Leer Mekaar:* U staan bekend as 'n aktivis. Waar kom dit vandaan?**

**Ma Karriem:** Ek het nog altyd gedink oor ongeregtigheid, en het nog altyd probeer help waar ek kon. So was ek byvoorbeeld reeds lank gelede in die *Labour Party*.

Maar ek dink die aktiewe deelname het begin toe my eie kinders in die tronk gesit is. By die verbittering het die rol van aktivis begin.

Om te wag vir die klop in die nag. Om te luister vir die boere wat kom. Om by die deur te staan en sê hy's nie hier nie, terwyl hy wel in die huis skuil.

Eendag toe kom die boere hier aan en sê hulle soek Juan vir diefstal. Ek het so groot geskrik, dat ek vergeet het om te sê hy's nie hier nie. Ek vlie toe om en skreeu vir hom en onmiddellik besef ek toe dit was net 'n manier om hom te kry. Dit kom toe later uit dat daar geen diefstal was nie.

Toe Eden, my ander seun, opgetel is, toe begin ek my regtig toespits op die politiek. Eden was nie so betrokke soos Juan nie, en ek dink die polisie het hom maar net gevat omdat hy Juan se broer is. Dit was 1980. Vir die volgende drie jaar was my seuns in aanhouding.

***Ons Leer Mekaar:* Vertel meer van u seuns se betrokkenheid by die stryd. Hoe het dit julle huis geraak?**



Juan was baie betrokke by die 1980 skole-boikot. Ek onthou nog so goed hoe ons huis omskep is op naweke as 60 skoolkinders van orals, hier in ons klein woonkamer geslaap het. Hulle het op Saterdae vergaderings bygewoon. Die boere het skoon gepraat van die UDF-huis. Hulle het gesê: "Dié UDF-huis maak ons nog skoon".

Ja, Juan. Die eerste keer toe ek hom hoor praat het by 'n vergadering, het ek vir hom gesê: "My kind, jy gaan tronk toe". Toe sê hy vir my: "Ja mammie, ek weet".

***Ons Leer Mekaar:* U seuns is toe deur die polisie aangehou. Hoe het u, as moeder, dit verwerk en hanteer?**

**Ma Karriem:** Dit was moeilik met tye maar ek is baie trots

op my seuns. Nou die dag toe is hulle weer gearresteer hier in Worcester nadat hulle onwettige plakkate vertoon het as deel van die huur-boikot. Toe sê die een polisieman vir my: "Ma Karriem, jy is seker vreeslik kwaad vir die kinders". My antwoord was: "Inteendeel, as ek nie gewerk het nie, was ek saam met hulle!". Hy was heel verbaas.

Ons moet trots wees op ons kinders wat betrokke is in die stryd. Hulle neem die ander se swaarheid op hulle skouers.

***Ons Leer Mekaar:* Wat is die grootste probleem in die stryd van die mense op die platteland?**

**Ma Karriem:** As ek kyk na Worcester besef ek dat ons verskeurd is en dit is my grootste bekommernis vir die platteland. Mense moet bymekaar staan. Gemeenskappe moet saam staan. Net dan kan stryde gewen word.

***Ons Leer Mekaar:* U skryf graag gedigte. Waar het dit begin?**

Ma Karriem: Ek het destyds vir die Grahamstadse *Evening Post* my eerste gedigte in gestuur. Oor die jare het dit maar my manier geword om die alledaagse ontevrendeheid vas

## *Die vrylating van Cecil Esau*

Cecil Esau ons groet
en huldig jou.
Die stryd het jou ont-
hou.
Ons hoor die
weerklank van jou
stem.
Jy, wie dié onwettige
regering nie kon tem.

Jy met jou durf en
moed,
moes vir drie jaar
onskuldig boet.
Jou vryheid het jy
prysgegee,
geskei van vriend en
familie deur 'n see.

Ons in Worcester,
roep na jou,
ons weet aan ons is
jy getrou,
ons sê ook hier van-
dag,
ons Kamerade sal jy
onderskrag.

Esau familie julle
het ons dank
ons het hom geleen
vir só lank.
U sal hom eers terug
kan kry,
waneer ons kan sê ons
is volkome vry.

Cecil jy Worcester se
trots,
Jou geloof in vryheid
is vir ons 'n rots,
om aan vas te klou.
Lewens lank Cecil sal
Worcester jou onthou.

te vat. Dit wat jy sien en voel sit ek in my gedigte.

***Ons Leer Mekaar*: U het 'n lieflike gedig geskryf oor Cecil Esau. Vertel ons meer oor hom.**

Cecil het op Worcester skool gegaan. My dogter was destyds saam met hom in die Labour Youth. Hy was sekretaris van die Youth gewees en het altyd op sy rooi fiets rond gery om briewe af te lewer.

Met die 1980 skole-boikot is hy saam met my seuns in aanhouding geneem. Later is hy UWK toe waar hy weer in aanhouding geneem is en saam met twaalf ander mense aangekla is van hoogverraad. Uiteindelik is hy Robben Eiland toe en is eers nou die dag vry gelaat. Daarom het ek oor hom gedig, omdat hy 'n kind van Worcester is.

***Ons Leer Mekaar:* U is lid van die ANC Vroue-liga. Wat dink u daarvan dat die ANC 'n aparte organisasie vir vroue het?**

**Ma Karriem:** Ek dink dit is 'n goeie ding. Dit gee die vrou 'n plek om haarself te bewys. Anders sal die man haar altyd oorskadu. Vroue kom nou eers tot hulle reg, en daarom is die Vroue-liga belangrik. Vrouens het baie mag.

***Ons Leer Mekaar:* Die mense praat baie oor die gedoente met Winnie Mandela. Wat dink u daarvan?**

**Ma Karriem:** Ek dink die regering het aspris gewag tot nou om haar hof toe te vat, sodat hulle die ANC kan seer maak. Ek dink dit is 'n plan om die ANC swakker te maak.

Of sy skuldig is, dit weet ek nie. Maar 'n mens moet onthou dat sy vir 28 jaar sonder die man wie sy lief het was. Daardie eerste paar jaar moes Nelson altyd stilletjies na haar kom. Sy moes vir 28 jaar met die wete saamleef dat sy nooit 'n normale lewe sal lei nie. Dan die eensame jare in ballingskap daar in Brandfort. Ek dink haar verbittering moet verskriklik wees. As ek in haar skoene was, sou ek miskien dieselfde dinge gedoen het.

***Ons Leer Mekaar:* Die koerante skryf daaroor dat Nelson Mandela vir Allan Boesak probeer kry om by die ANC aan te sluit. Wat dink die mense op die platteland hiervan?**

Die mense is baie lief vir Mandela. Hy was mos hier op Worcester. Ek het met hom gepraat en vir hom gesê: "Ek voel baie ge-eerd, my nooiensvan was Nelson en my kleindogter is Zindzi". Hy het vreeslik lekker gelag vir my.

## *Droom van Vryheid*

Toe ek nog 'n kind was,
was ek vry,
of was dit net dat ek
nie kon stry?
teen ongeregtigheid en
apartheid,
en talle ander wette in
die verband.

Ek groei mos deur die
jare,
en aanvaar maar met oë
vol trane
daardie dinge waarna ek
ook verlang,
maar nooit kon gebruik
want ek was te bang.

Nou is ek oud en grys,
dieselfde probleme is
nog altyd tuis.

Sal ons ooit werklik
vry wees,
of sal ons net vryheid
hoor en lees.

Ek bid, ja ek bid vir
ons land,
Heer wees ons genadig,
neem ons aan die hand.
Lei ons, met liefde en
vrede, soos net u kan,
gee ons krag om ons ver-
bittering te verban.

Suid-Afrika ons mooie
land,
wit en swart, kom ons
loop hand aan hand,
so gaan ons die toekoms
saam tegemoet,
sonder vergieting van
bloed.

Nou Boesak, die mense is mal oor hom. Veral die mense van Worcester. Vir ons is hy baie spesiaal. Hy het iets wat ander mense nie het. Die mense aanvaar ook sy nuwe vrou, Elna. Sy is baie goed met die mense.

***Ons Leer Mekaar:* Wat doen u in u af-tydjies en watter planne het u vir die toekoms?**

**Ma Karriem:** Ek hou van lees. Enige boeke, ek lees selfs my man se cowboy-boeke. Maar ek hou van skrywers soos Barbara Cartland en Helen von Slyke. Andersins hou ek van kosmaak.

Ek is nou sestig jaar oud en ek wil nou rustiger lewe en by die huis wees. Ek en my man is baie lief vir ons klein-kinders en ons wil tyd met hulle spandeer. Ek en my man wil ook nog in Amerika gaan kuier. Ons was op pad, toe begin die Golf-oorlog en toe sê my man ons moet maar liewer wag. Ek sal ook bitter graag weer in die Oos-Kaap gaan kuier.

Met die politiek, wel ek het nou 'n ander rol. Die jonger lede van ons familie is nou betrokke daarby en hulle wil hê ek moet daaruit bly sodat hulle my kan bel as hulle in die moeilikheid is of in die tronk sit!





# Shac kry dinge gedoen op Stellenbosch



**Elke Maandag-aand sit die Shac-lede styf in gedruk in Stellenbosch se advies-kantoor. Hulle hou vergadering oor die probleem van te min bekostigbare huise in Stellenbosch. Die laaste maand is die mense baie opgewonde want hulle het 'n oorwinning behaal. Hulle het grond gekry waarop hulle vir hulself huise kan bou. Maar die oorwinning het ook probleme vir Shac gebring wat nou opgelos moet word.**

Laat ons nie te haastig raak met die storie nie, want daar is nog te veel vrae om te antwoord. Wat is Shac? Hoekom hou hulle so baie vergaderings? En wat is die probleme waaroor hulle nou moet praat?

## 'n Organisasie vir die huisloses

Shac staan vir Stellenbosch Housing Action Committee. Dié organisasie is in 1989 deur die huislose mense van Stellenbosch gestig om vir bekostigbare huise te veg.

Die mense kom na Shac se vergadering omdat hulle nie huise het om in te woon nie. Hulle woon in hokkies in ander mense se agterplase of hulle woon by familie in die huis. Sommige van hulle is al langer as tien jaar op die munisipaliteit se waglys vir 'n huis.

Shac-lede het al tot protesaksie oor gegaan. Hulle het byvoorbeeld by die munispaliteit geprotesteer met



Foto: Christoff Oosthuysen

*Shac-lede verken die grond wat hulle gekry het vir informele behuising. Die huise van Weltevreden en die spoorlyn is in die agtergrond.*

plakkate. Hulle het ook twee keer huisies op 'n stuk munisipale grond gebou en is daarvoor voor die hof gesleep.

Shac het ook die volgende eise aan die munisipaliteit gestel:

- Een munisipaliteit vir die hele Stellenbosch.
- Die bestuurs-komitee moet bedank.
- Geen grond mag aan die privaat sektor verkoop word nie, want hulle bou huise wat te duur is.
- Shac moet deel wees van enige behuisings-projek in Stellenbosch.

Die munisipaliteit het geskrik. Hulle het gesien dat Shac ernstig is oor dié saak. Daarom het hulle voorgestel dat die munisipaliteit, bestuurs-komitee en Shac saam 'n werk-komitee begin sodat hulle kan onderhandel om oplossings te vind.

Pieter Louw is die waarnemende voorsitter van Shac. Hy vertel dat hulle verskillende stukke grond vir woongebiede in Stellenbosch gekies het en voorgestel het dat "informele" behuising daar opgerig word. Dit beteken huise wat mense self aanbou op hulle eie manier, sonder dat hulle die munisipaliteit se reëls hoef te volg. Shac-lede wil eerder steen-huise hê, maar dit kos te veel vir mense met min geld. Daarom stel hulle voor dat mense hulle eie hokkies op die grond bou. Die bestuurskomitee en munisipaliteit was eers teen die idee van beheerde plakkery, maar hulle het later agter-gekom dat daar nie ander oplossings vir die probleem is nie.

## Shac wen grond

Een van die stukke grond wat Shac gekies het, was erwe 6887 en 6888. Die mense noem dit sommer die ex-spoorweg perseel. Die werk-komitee het ooreen gekom dat informele behuising op hierdie grond opgerig mag word.

Die munisipaliteit het ingestem om paaie, straat-ligte, water en toilette te verskaf. Dit sal R6000 per erf kos. Daar sal honderd-en-vyf erwe van 12m by 10m elk wees.

## Moeilike kwessies

Shac moet nou oor baie dinge praat in hulle vergaderings. Is die honderd-en-vyf erwe genoeg? Wie van die huislose mense gaan daar bly? Is die R6000 nie te veel nie? Ondersteun die hele gemeenskap hierdie stap?

Laat ons die kwessies een vir een bekyk:

- "Wie presies daar gaan bly, is nog nie duidelik nie", sê Pieter Louw. "Ons sê dit is Shac se mense, maar die bestuurs-komitee verskil daarvan. Ons het klaar amper 300 mense op ons lys, terwyl daar net vir 105 plek is." Die bestuurs-komitee wil die mense wat op hulle waglys is voor die Shac-mense insit.

  Volgens Shac moet mense wat nou in slegte toestande woon en wat minder as R600 per maand verdien voorrang kry. Mense wat subsidies van hulle werk kan kry, moet in ander areas huise van steen bou.

  Shac sal hierdie saak versigtig moet hanteer want mense wat nie grond gaan kry nie, kan dalk omdraai en sê dat Shac hulle kul. Pieter sê dat dit nie 'n probleem sal wees nie want die werkekomitee, nie Shac nie, sal

die finale besluit moet neem. Shac dink ook daaraan dat woonstelle, wat goedkoper sal wees, gebou kan word, maar die bestuurs-komitee dink dat dit 'n "broeiplek vir misdaad" sal wees.

- Mense wat by die ex-spoorweg perseel wil bou, moet die erf teen R6000 koop. Dit is vir baie mense te veel om by mekaar te kry. Shac vra daarom dat mense dit oor twintig jaar moet kan afbetaal, maar die munisipaliteit is nie te vinde hiervoor nie. Die werk-komitee sal nog oor hierdie saak moet besluit.

  Shac sal baie versigtig na die probleem van bekostigbaarheid moet kyk want die gevaar bestaan dat die armste mense in die gemeenskap vergete bly.

- Die mense wat woon by Weltevreden, net langs die ex-spoorweg perseel, is 'n verdere probleem. Pieter sê: "Hulle is ontevrede, nie weltevrede nie". Hulle reken dat die informele behuising die waarde van hulle huise af sal laat daal. Daarom wou hulle hê dat daar 'n skeidsmuur gebou moes word, maar Shac wil dit nie hê nie. "Soos die muur van Berlyn sal ons hierdie muur ook afbreek. Ons eie mense sien ons as misdadigers aan, en dit terwyl ons net 'n dak oor ons koppe soek."

  Die mense van Weltevreden het nou die idee van 'n muur gelos. Hulle het voorgestel dat die mense met 'n beter inkomste aan die buitekant van die perseel bou. Die armer mense sal dan in die middel woon en nie die huispryse van Weltevreden laat sak nie.

  Mense wat klaar huise het, is baie keer afsydig teenoor die huislose mense. Shac moet na hierdie probleem kyk. As die hele gemeenskap vir Shac ondersteun sal dit die huislose mense se saak baie sterker maak.


Shac het 'n oorwinning behaal deurdat grond vir informele behuising ge-identifiseer is. Deur nog grond te identifiseer en die kwessies wat ons hierso bespreek het versigtig te hanteer sal die saak van die huislose mense nie verlore gaan nie.





# Taxi-ry is haar lewe

**Soggens vroeg trek Elizabeth Abrahams haar Cressida uit by die taxi-depot in Kaapstad en ry uit op die pad vir die hele dag. So tussen die ryery trek sy soms haar kar in 'n koeltetjie in en hekel terwyl sy wag vir haar volgende oproep. *Ons Leer Mekaar* het in 'n aftydjie met haar gaan gesels oor haar werk.**



***Ons Leer Mekaar:* Hoe het jy 'n taxi-bestuurder geword?**

**Elizabeth:** Dit was elf jaar gelede. Ek het nie werk gehad nie en toe sien ek die advertensie in die koerant: "Verdien R100 per week". Destyds was dit sommer baie geld en dit het ook beteken dat ek nie iewers in 'n kantoor of fabriek hoef te gesit het nie. Dit het my nogal goed gepas. Toe *join* ek.

***Ons Leer Mekaar:*** Is dit 'n ongewone werk vir 'n vrou om te doen?

**Elizabeth:** Tien jaar gelede ja, maar nie eintlik vandag meer nie. En dit is ook so dat baie *customers* vir my vra as hulle inbel, omdat hulle veiliger voel by 'n vrou. Veral ou vroue en ook ander vroue.

***Ons Leer Mekaar:* Jy kom oorspronklik van die platteland.**

**Elizabeth:** Ja, ek is nie 'n boorling van die Kaap nie. My ouers kom van Worcester en ons het Kaap toe getrek toe ek ses jaar oud was. Ek onthou die lekker dae as kind in Worcester. My pa was 'n pastoor in die *Apostle Church of Christ.* Anders as ander kerke moet predikante in ons kerk hulle eie geld verdien, en dit is hoekom ons uiteindelik Kaap toe getrek




*Die taxis by die taxi-rank in Plein-straat in Kaapstad. Die bestuurders vergader hier as hulle wag vir oproepe van die kantoor.*

*Foto: Anneliese Burgess*

het. Vir beter *prosperities*, jy weet.

***Ons Leer Mekaar:* En toe Elsies Rivier toe?**

**Elizabeth:** Ja, maar die Elsies van daardie dae was darem baie anders. Dit was sink-hokkies aaneen. My pa en my ma het geld gemaak deur te *broke* met ware. Hulle het meubels, polonies, hoenders, *you name it*, by John Marcus Auction in die stad gekoop en dan weer verkoop.

Eindelik het ons 'n elektriek huis gekry. Ons het darem *grend* gekuier in daardie huis met sy ligte en warm water en koue water, *you name it*.

Ons was sewe kinders en vandag woon almal nog hier rond. Ons kuier so oor en weer. Een aand maak ek kos, en 'n ander aand iemand anders.

***Ons Leer Mekaar:* Hoe werk dit met jou werk. Is jy die heeldag op die pad?**

**Elizabeth:** Soggens, trek ek my kar, nommer 146, by die *depot* uit en dan is die kar myne vir die dag. Die base gee nie om waarheen ek ry nie. Ek kan hemel toe ry ook, solank ek aan die einde van die dag vir hulle betaal vir elke kilometer wat ek gery het. Binne in die kar is daar 'n meter wat die afstand tel terwyl jy ry, en dit is al wat jou beheer. Jy moet self besluit wat die kortste paaie is om by klante uit te kom, anders betaal jy.

***Ons Leer Mekaar:* Hoe weet jy altyd waar om te ry?**

**Elizabeth:** Al ken jy iets hoe goed, jy leer mos maar altyd by. So ook met die paaie. Aan die begin was dit nogal moeilik, maar daar was hierdie agtermekaar vrou by die kantoor wat altyd vir my verduidelik het oor die radio in my kar hoe ek moet ry. Dan sê sy: "Hoe staan die kar nou, berg se kant toe, of see se kant toe? Draai om, jou neus wys verkeerde kant toe!" Ek het baie so geleer. Nou gebruik ek maar die kaartboek. Ek het geleer om 'n *map* vinnig te lees.

***Ons Leer Mekaar:* Het jy al interessante mense teegekom met jou werk?**

**Elizabeth:** Ja jong, van elke kleur en geur, *you name it*, ek het dit al gery - tot *Russians*. Ek het nou die dag 'n regte

*Russian* van die dokke moes ry. En belangrike mense. Ek moes nou die dag 'n koerant-birk, soos julle, na Pik Botha se huis ry. Nou weet ek vir die eerste keer waar hy woon. De Klerk en daai se plekke ken ek al.

***Ons Leer Mekaar:* Is dit gevaarlik om 'n vroue taxi-bestuurder te wees?**

**Elizabeth:** Vir enige bestuurder is daar maar gevaarlike tye, nie net vir vroue nie. Die een ding wat altyd oor 'n mens se kop hang is om *ge-rob* te raak.

Dit gebeur toe met my een aand in Seepunt. Ek wag nog vir die ouens om vir my te betaal, en wonder hoekom sukkel die twee mans dan so, toe pluk hulle 'n geweer uit. Hulle het al my geld gevat en die kar. Daar staan ek toe in die middel van Seepunt met niks, en dit is donker nag.


Daai aand het ek darem gewonder oor die witmense. Ek klop by hulle om te vra om die telefoon te gebruik om my werk te bel en hulle klap die deur in my gesig toe. Uiteindelik het 'n bediende wat in 'n *yard* woon, vir my tien sents geleen en saam met my gestap na die naaste telefoonhokkie, wat baie ver weg was.


Maar taxi-bestuur het vir my geleer oor mense. Vandag kan ek mense lees soos my handpalm. As ek jou sien, weet ek binne-in my of ek jou gaan *move*. Dit het al baie gebeur dat ek by mense opdaag en dan weet ek: hierdie mense is moelikheid. Dan sê ek sommer, jammer ek's besig, en ry weg!

***Ons Leer Mekaar:* Is dit moeilike werk?**

**Elizabeth:** Jy moet jou storie ken. Jy moet die kort paaie ken en jy moet weet hoe om die oneerlike mense te ken.

Jy moet ook die *pressure* kan vat. En die belangrikste van alles: jy moet besef dat jy soms sonder geld gaan sit. 'n Mens weet nooit hoeveel geld jy gaan maak nie. Nou ek's nie een wat agter geld aan is nie, maar jy moet weet waar jou brood vandaan kom. Ek ken mense al aan hulle koffers uit. Dies met die armrige dra-kof-




fers gaan nie vir jou *tips* gee nie, maar daais met die sleepkoffers met wieletjies gaan vir jou geld maak.

My leuse vir die lewe is: sonder geld kan ek niks doen nie, maar geld moet nooit my baas wees nie. Geld sal my nooit *rule* en *regulate* nie. So ek kies eerder die onsekere geld en dat ek buite kan werk op my eie tyd. Ek kan onder 'n boom intrek as ek wil. By 'n ander *job* is dit 'n werkery van nege- tot vyf-uur wat soos 'n tronk is.

***Ons Leer Mekaar:* Hoeveel geld maak jy oor die algemeen?**

**Elizabeth:** Soms niks, dan moet ek geld leen vir my eie taxi-rit huis toe. Ander dae weer maak ek tot R300 'n dag. Die Jappe, dis nou die Japanese, wat met die skepe aankom, maak vir 'n mens baie geld. Soms moet ek hulle vir hele uitstappies neem en sommer ook om te gaan inkopies doen. Hulle koop sommer vir jou saam. Eendag toe kom ek huistoe met 'n hoop *chocolates* wat die een Jap vir my gekoop het, 'n ander dag 'n sak *groceries*. So dit wissel.

***Ons Leer Mekaar:* Kan die taxi-bestuurders nie die werk beter maak nie?**

**Elizabeth:** Ja, daar is nou die ding van 'n unie wat dinge beter kan maak, maar ek is nie betrokke by die vergaderings nie.

***Ons Leer Mekaar:* Behalwe vir taxi-bestuur, wat het jy nog in jou lewe gedoen?**

**Elizabeth:** Ek was eers 'n klerk, maar dit was soos om in die tronk te wees. Ek haat dit om in vier mure vas gekeer te wees. Dit is hoekom ek toe lang-afstand begin dryf het vir Autocarriers. Ons het konvooie gery met nuwe karre wat van die skepe af kom. Ons ry dan karre van die Kaap na Windhoek of Johannesburg sodat dit daar verkoop kan word. Maar eendag, nadat ek drie maal na mekaar Windhoek toe gery het, toe besef ek dis genoeg. Ek kon dit nie meer vat nie, en toe bedank ek.

# Vergeet maar die winkel-seep

**_Baie van die sepe en politoere wat op die winkel-rakke staan is nie net peper-duur nie maar ook baie sleg vir die grond en gras as dit met die vuil water uit gegooi word._**

**_Maak nou jou eie politoer- en reinigings-middels met bestand-dele uit jou kombuis. Dit wat jy nie het nie, kan jy by enige winkel koop._**

**_Hierdie resep is goed-koop en dit is ook nie giftig vir die omgewing nie._**

## Die beste skoonmaak-middel vir alle oppervlaktes

*Meng die volgende be-standdele saam:*

- 4 liter kook water
- 50 ml ammoniak
- 50 ml asyn
- 1 groot lepel kremetart

*Hierdie reinigings-middel kan vir enige oppervlakte gebruik word. Dit kan met water af gespoel word en werk baie goed vir enige vuiligheid.*

**Waarskuwing**:
Moet nooit Jik, of enige ander bleikmiddel, met hierdie resep meng nie. Ammoniak en kloor (wat in alle bleikmiddels voorkom) maak 'n baie giftige gas!

## *Vir jou skottelgoed*

Los maar die skottelgoed-seep uit! Rasper blou-seep of ander seep en gooi dit in die water. Vir vetterige skottelgoed, kan jy 'n bietjie asyn by die water gooi.



## *Om metale blink en skoon te hou*

**Koper**

*Maak 'n mengsel van*

- suurlemoen en sout of
- warm asyn en sout

*Vryf dit in met 'n sagte doek.*

**Silwer**

Kook die volgende bestanddele saam in 'n groot kastrol:

- 1 liter water
- 1 groot lepel sout
- 1 groot lepel kremetart


*Sit nou die silwer-ware binne-in die kastrol en kook vir drie minute. Vryf droog met 'n sagte lap.*

## *Om dreins oop en reukloos te hou*

*Meng die volgende bestanddele saam:*

- 1 koppie kremetart
- 1 koppie sout
- net meer as 1/4 koppie koeksoda

*Gooi hierdie mengsel in die drein af. Gooi hierna 'n groot ketel warm water af en daarna koue water. Doen dit eenkeer 'n week en jou dreins sal nooit sleg ruik of verstop raak nie.*



## *Vir badkamers*

*Kloor is een van die gevaarlikste en giftigste bestanddele wat in byna elke skoonmaakmiddel vir badkamers wat in die winkels verkoop word, gevind word.*


*Gebruik daarom eerder:*

- 'n harde borsel en kremetart of die skoonmaak-middel van die vorige bladsy.

*Die inligting is deur Greenpeace verskaf.*

## Vervolg-verhaal

# Liefde en lewe op Eikedal



Blaai om

Die stryd by Sara se werk gaan goed. Die werkers staan saam en Sara is baie trots op Nigel. Maar Sara se hart is in twee geskeur. Aan die eenkant wil sy haar kamerade se oorwinning vier en aan die ander kant is sy diep bekommerd oor dinge by haar huis. Charlene se baas het met haar probeer lol by die werk, en Charlene het toe bedank. Dan is daar ook die saak van Mannetjies wat van die skool af wegbly en die skoolhoof wat haar ingeroep het daaroor.

Na 'n unie-vergadering ry Nigel en Sara strand toe. Dit is 'n onvergeetlike aand vir Sara. Sara vertel Nigel van die probleme by haar huis en hy luister aandagtig. Sara voel asof iemand uiteindelik verstaan en omgee. Nigel trek haar styf teen hom vas en soen haar vurig. Oppad terug na Eikedal voel Sara soos 'n vrou wat haarself vir die eerste keer ontdek.

Nigel kom die volgende aand by Sara-hulle eet. Charlene maak die deur oop en Nigel snak na sy asem vir die pragtige jong vrou wat voor hom staan...

**Ma Truida se oë val op die jong man. Onmiddellik besluit sy dat hy net moeilikheid gaan beteken. Haar gedagtes gaan terug na die aand wat Mannetjies sy pa se gees gesien het. Miskien het hy hulle probeer waarsku oor hierdie man van die Kaap. Sy mond is veels te glad na haar smaak. Ma Truida het al op die harde manier geleer dat sulke mense nie altyd so opreg is nie. Maar nou ja, haar dogter het haar hart op die man gesit. Sy wat Truida is kan niks doen nie - dis tog haar dogter se lewe. Met moeite bring sy weer haar gedagtes terug na die geselskap.**

"Die baas is so 'n ou ghriesbol. As hy aan my gevat het, kon ek die ghries na die tyd op my vel voel." Charlene ril terwyl sy vir Nigel vertel van haar baas by die hamburger-plek. Nigel luister natuurlik met groot belang-stelling. Ma Truida sien hoe Nigel se oë glinster terwyl hy na Charlene kyk.

Sara is besig in die kombuis. So nou en dan laat sy haar stem hoor om Charlene se storie te be-aam. "Ja-nee, die base dink mos hulle kan doen net woorvoor hulle lus het. En 'n mooi gesiggie trek mos altyd hulle aandag." Ma Truida hoor die trots in Sara se stem. Charlene is darem 'n mooi kind.

Niemand neem veel notisie van Mannetjies nie. Hy is net by die huis omdat sy ma hom die dood voor die oë gestel het as hy sou uit gaan. Mannetjies hou nie veel van hierdie nuwe man nie. Wie dink hierdie man is hy nou eintlik, met al sy stories oor hoe belangrik hy is... As sy pa nog hier was, het

hy hom al lankal op sy plek gesit.

Nigel se stem dring deur sy gedagtes: "Charlene, ek dink ek weet hoe ons al jou probleme kan oplos. Sara, kom hoor gou hier."

Sy kom uit die kombuis gedraf met haar pienk voorskoot aan.

Nigel gaan voort." Ek weet hoe ons sommer twee vlieë met een klap kan kry. Charlene het 'n werk nodig en Eikedal se unie het 'n organiseerder nodig. Hoekom doen sy nie aansoek vir die werk nie - daar is niemand anders hier wat dit kan doen nie. Dan kan sy ook die saak van haar ou baas opneem as sy wil. Ek is seker dat hy sy kanse vat met die ander meisies wat vir hom werk."

Charlene voel skrikkerig, maar die idee laat haar baie opgewonde voel.

"Maar ek weet mos niks van unie-sake af nie."

"Wel, daar begin juis Dinsdag 'n training course vir unie-organiseerders in die Kaap. Hoekom ry jy nie Maandag saam met my terug Kaap toe nie?"

Sara voel nogal huiwerig oor Nigel se idee. "Sê nou net die mense kry die verkeerde idee? So 'n jong meisie alleen saam met 'n man."

"Haai, Sara" lag Nigel. "Dinge in die Kaap werk nie so nie. Mense kan makliker meng met mekaar sonder dat almal vuil gedagtes in hulle koppe kry. En in elk geval, die mense wat die kursus gaan doen, bly almal saam by die *Lutheran Youth Centre* in Athlone."



"Charlene, miskien moet jy ook 'n draai by jou broer gaan maak. Ek is seker dit sal hom baie gelukkig maak om jou weer te sien." Sara voel trots dat Nigel haar dogter se talente raak sien. Nigel probeer darem so hard om vir Sara en haar familie weg te help.

Ma Truida sit net en luister. Haar hart voel glad nie gerus nie.

Die drie dae van die training course was die opwindendste tyd in Charlene se lewe - die begin van 'n nuwe lewe. Nadat sy uit die skool moes gaan om te werk, het sy gedink dat sy haar lewe in ander mense se kombuise sou slyt. Maar nou kry sy die kans om 'n werk te doen wat haar uitdaag - en die kans om ander mense wat in haar soort situasie was te help. Nooit weer hoef sy bang te

wees vir mans by die werk wat haar wil gryp nie. Die unie-mans is mos anders as die base...

Elke dag van die kursus ry die mense wat dit bywoon saam na Community House in Soutrivier waar die kursus aan gebied word. Charlene kon haar verkyk aan al die mense en dinge. Nog nooit het sy so 'n bonte mengelmoes gesien nie. En dan nog die reuse plat berg wat hulle Tafelberg noem - sy kon al die krakies en kleure sien as sy op stoep van Community House staan.

Die kursus self het haar oë oop gemaak vir baie dinge. Op skool moes almal stil bly in die klas en die onderwysers het altyd die laaste woord gehad. 'n Mens moes maar net aanvaar wat die onderwysers sê. Hulle het gedink niemand anders het kennis nie.

Maar nou word die mense by die kursus aan gemoedig om te praat. Die aanbieders glo dat mense net kan leer as almal deel neem en saam praat oor hulle gevoelens en ervaringe. En het Charlene nie geleer nie!

Sy het nou al baie geleer oor die arbeids-wette, en goed soos notules skryf en hoe om die administrasie van 'n unie-kantoor te doen. Charlene kan amper nie wag om te begin werk nie!

Noudat die kursus verby is, besluit Charlene om by haar broer Jerome te gaan bly vir 'n paar dae totdat Nigel weer na Eikedal gaan. Sy het haar broer maande laas gesien en die twee van hulle was nog altyd na aan mekaar. Gelukkig bly haar broer hier in Athlone



by die Hewat Onderwys-kollege se koshuis. Hy sal sekerlik vir haar 'n matras kan reël vir twee nagte, al is dit by 'n vriendin in die vroue-koshuis.

Dis teen aand-ete se tyd wat sy by haar broer se koshuis aan kom. Sy wag voor by die ontvangs. Sy kyk om haar rond - haar broer was so gelukkig om die beurs te kon kry. Haar broer moes seker baie verander het, nog baie meer oopkop geraak het met al die geleerdheid waaraan hy elke dag bloot gestel word.

Eindelik is etenstyd verby. Sy sien Jerome na haar aan gestap kom met 'n breë glimlag en oop arms. Hy lyk darem bly om haar te sien.

"Hoe gaan dit, Ouboet?" vra sy huiwerig.

"Vandat ek by die Blye Broers aangesluit het, kan niks weer verkeerd loop in my lewe nie. Hulle het my gekies om 'n lid te word en nou kan niks ooit weer in my pad staan nie."

Charlene kyk met verwondering na haar broer - die slim seun van die familie, haar ma se trots en vreugde vir wie al die ekstra geldjies in die huis afgekynp word. Wat op aarde gaan met hom aan? Daar is 'n vreemde gloed in sy oë. Hy lyk amper koorsig.

"Wie is die Blye Broers?", vra Charlene effens versigitig.

"Ons is die enigste en ware opvolgers van die twaalf apostels van die Heer", fluister Jerome met groot oë. "Ons is gekies om die wêreld en veral ons land te red van 'n geweldadige ondergang. Die Magte van die Bose is sterk... O wee..."

Nou is Charlene nie meer versigtig nie, sy is sommer behoorlik bang. Haar broer het by een van daardie sektes betrokke geraak, wat mense heeltemaal breinspoel sodat hulle later glad nie meer vir hulleself kan dink nie. Miskien kan sy probeer om hom tot sy sinne te bring deure die loop van die aand.

"Luister Ouboet, kan jy my help met 'n matras vir twee aande", vra sy.

"Natuurlik, antwoord hy geesdriftig. Maar dan begin hy frons. "Ek sal net eers vir die ander Blye Broers hiervan moet vertel. Hulle moet tog nie die verkeerde indruk kry nie."

Wat te veel is, is te veel! Jerome is verder heen as wat sy gedink het! Hy kan nou nie eers sy eie suster slaapplek gee nie voordat hy 'n klomp wildvreemdes moet inlig nie. Eweskielik sien sy nie meer kans om die hele aand in sy geseldkap deur te bring nie. Sy is uitgeput van die kursus.

Miskien moet sy vir Nigel bel. Hy is mos altyd 'n man met 'n plan.

"Sê my ouboet, kan ek net gou 'n oproep maak." Charlene probeer haar stem so natuurlik as moontlik hou. Hy wys haar waar die telefoon-hokkie is. Sy skakel Nigel se nommer, maar die telefoon lui net. Dan tel Nigel op.

"Nigel, kan jy asseblief vir my kom red. Ek is vas gevang hier by Hewat met 'n broer wat heeltemaal snaaks optree".

Sy hoor hoe Nigel lag."Maar natuurlik. Ek sien jou oor vyf minute! Wag vir my voor in die straat."

*Lees volgende keer oor Charlene se verblyf by Nigel*





'n Storie van die Paarl

# *Die groot pyn wat die groeps-wette aan ons gedoen het*

***Hein Willemse,*** **die skrywer, het vroër vanjaar by die Universiteit van Kaapstad oor Swart Afrikaanse letterkunde gepraat. Hier is 'n verwerkte uittreksel uit sy toespraak, waarin hy vertel van die invloed van die Groepsgebiedewet.**

Die huis van Grandma, Pa se ma, was 'n huis met 'n groot oop voorstoep, knusse



*Die Willemse-familie in 1962, pas voor die verskuiwings begin het. Hein Willemse staan heel regs.*

*Foto: Die Suid-Afrikaan*

skemerte en vreemde geure. Dit was 'n spelonk van verassings: aartappel-suurdeeg, roosmaryn, laventel, waatlemoen-konfyt, gemmer, bakbrood en die koel, ongewone smaak van Noorder-Paarl se water. Die groot tuin was 'n paradys van vrugte en bloekom-bome.

Die voorhuis moes die kinders nie ken nie. Dit was verbode, maar ook die veiligste

gedruk. Ons het die res van die middag op die treetjies gesit. Daar was nie 'n stoep nie. En daar was niks om te doen nie. Dit het altyd gelyk of daar te veel mense was. Maar bowenal: die nuwe wit huis het niks van die onvoorspelbaarheid van die ou huis gehad nie. Alles was so helder en wit.

Daardie dag het Grandma haar onafhanklikheid verloor. Ons het gereeld Paarl toe gery, na die vreemde huis. Maar selde het Grandma, soos vroeër, gemmerbier, vrugte of koek aangedra. Sedertdien onthou ek eintlik net haar siekte. Voortaan sou sy altyd ondersteun moes word. Nie lank daarna nie is sy totaal verlam en spraakloos gelaat deur beroerte.

Soms het ek so gehoop dat ek met haar kon praat oor die ou tyd, oor die stories van haar lewe. Vroeër was ek te jonk en nou was dit onmoontlik. Met haar begrafnis tussen die hope ronde klippe, kon ek net haar gekreun, sugte en trane onthou.

Grandma se huis staan nog in Paarl, 'n bietjie kleiner as wat ek as kind gedink het. In die plek van die ou heining en die tuin vol vrugte is nou 'n kleinburgerlike grasperk en 'n afgekampte swembad.

Storie met vriendelike vergunning van Die Suid-Afrikaan.


*Lees in die toekoms in*

**ONS LEER MEKAAR**

**Eenheid tussen die NG Kerke word bedreig**

**Wat word van Afrikaans in die toekoms**

**Die nuwe reeks oor AIDS**

**Stories uit die Karoo**

**Polisie-geweld in die platteland**





# Dorp toe op 'n Saterdag- oggend

## soos vertel deur Magrieta Prins

***Ons is eight'o clock hier weg, ja. Kyk, halftien-treintjie gekry. Halftien. Ons het in die pad af gestap. Toe't ons by die stasie gekom. Ons't by die winkel ges-taan. Ons het skud-skud gedrink da. Boland. Skud-skud, want ons moet dit skud, daai Boland.***

Toe't ons da stasie toe gegan. Was koud. Was lekker koud gewies. Toe gat ons dinges toe, waitingkroom toe. Toe ga sit ons da binnekant. En toe kry ons die trein. Hulle't Sanna



*Die vroue drink lekker skud-skud aan hulle Boland .*



*Nadat al die inkopies klaar is wag hulle vir 'n taxi. Elkeen het 'n groot sak aartappels gekoop en Sabiena 'n langbroek.*


vasgedruk in die trein. Waat sy wil inklim to't haar skoen agtergebly. Toe val haar skoen uit haar voet uit.

Toe gan ons Kuilsrivier toe. Toe gan ons weer waitingkroom toe, lavetry toe. Toe gan ons slaghys toe. Daar't ons afval gekoep. Varkkop, sooltjies en toe gan ons af. Toe reën dit, toe gan ons by die sale in en da't Sabiena langbroek gekoep en toe trek sy hom net da aan. En verder toe sy ytkom to't sy grand aangetrek.

Toe stap ons almal blok toe. Toe gan ons markie toe. By mark kom sit almal ons sakke daarso. Toe gan ons af Bloks toe, al ons grocery gekoop. Kom ons weer terug. Gaan ons by die cafetjie koop: een brood en lekkers. Toe gan ons weer markie toe. Daar't almal hulle aartappels gekoep. Groente.

Toe kom ons almal trug, vat ons taxi. Toe raak die mense onbeskof lateraan da, hulle traai om aan te lê. Hulle wil aanrand. Mens kan sien wat hulle plan is. Al langsaan. Dis hulle daai. Mens kan sien hulle's onbeskof. Hulle sit mens af te sit. Toe kry ons 'n taxi tot hier wat ons afgeklim het.

# *Briewe* en brokkies




**Stuur brokkies en briewe aan: Posbus 16485, Vlaeberg, 8018.**

## Die weermag is nie welkom nie

***Die Voorsitter van die Haarlem Burgerlike Vereniging, A.J.Oktober, het hierdie verklaring in gestuur:***

Die Haarlem Burgerlike Vereniging beskou die betrokkenheid en bedrywighede van die Suid-Afrikaanse Weermag in die grond-gebied van ons dorp as onrusbarend en as 'n bedreiging vir vrede en stabiliteit. Magsvertoon, propaganda en die vertoon van oorlogswapens word gesien as intimidasie en die uittarting van gevoelens van baie mense.

Die feit dat die Weermag-eenheid nêrens reëlings getref het met die Burgerlike Vereniging, Aksie-komitee of Advies-kantoor is net nog 'n bewys dat die regering steeds gebruik maak van sy oorlogtuig om mense te intimideer en ook gemoedere te laat hoogloop.

In die verlede is dit bewys dat die blote betrokkenheid van sulke eenhede tot uitbarstings kan lei. Die feit dat die Weermag die Haarlem Sekondêre Skool as teiken vir hulle demonstrasies gebruik, is verregaande.

Die oorwoë mening in die gemeenskap is dat ons kinders aan breinspoeling bloot gestel word, wat strydig is met vryheid van reg of spraak. Nadat hierdie groep Haarlem besoek het op 30 April 1991 waar hulle deur studente verhinder is om toegang tot die skool te kry, is ook die skoolkomitee ingeroep en gemoedere was hoog. Die studente was omtrent histeries van verontwaardiging.

Dit was weer eens 'n goeie voorbeeld dat die Suid-Afrikaanse Weermag nie

welkom is in Haarlem nie. By geleenthede toe ons hulle teenwoordigheid asook die van die S.A.P. nodig gehad het, was hulle nie te vinde nie. Maar toe dinge hand uit geruk het in hierdie gemeenskap was hulle gou by met horde vangwaens en wapens. Die oproep hier aan die owerhede is: hou die Weermag uit Haarlem om sekere onaangename dinge te vermy.

*Lees in die volgende* Ons Leer Mekaar *oor polisie-geweld in die platteland - red.*

## Nuwe belasting gaan arm mense knou

Op 30 September gaan 'n nuwe belasting die ou verkoops-belasting vervang. Dit word kortom VAT genoem en in plaas van 13% op die einde, sal daar nou op elke stap in die vervaardiging van 'n produk, belasting by gesit word.

Die regering het VAT vasgestel op 12% wat sal beteken dat hulle baie meer geld uit belasting sal maak.

Arm mense sal baie swaar geraak word deur die nuwe belasting. Kosse soos melk, brood, vleis en groente asook medisynes en mediese onkostes, sal nou ook belas word. Cosatu het bereken dat lae-inkomste huishoudings nou tussen R26 en R38 meer belasting per maand sal moet betaal. Cosatu sê dat lone verhoog moet word sodat werkers kan bekostig om hierdie ekstra belasting te betaal.

## Haarlemmers is onskuldig bevind

In Maart 1989 het die gemeenskap van Haarlem teen die bestuurs-raad geprotesteer. 'n Optog het plaas gevind omdat die eise van die gemeenskap ge-ignoreer is. Die bestuurs-raad is deur die gemeenskap van hulle poste onthef.

Vyf lede van die gemeenskap is daarna van poging tot moord en van aanranding aangekla. Die hofsaak is vasgestel vir 11 Maart 1990 maar is later uitgestel.

Die hofsaak het nou uiteindelik plaasgevind en die beskuldigdes is onskuldig bevind. Die gemeenskap het die oorwinning met die beskuldigdes gevier. Die feesvieringe het die gemeenskap saamgebind in hulle reg om as gemeenskap op te staan en te veg vir hulle regte.

*Foto's en Teks: Sandra Kriel se* ***Vir 'n Stukkie Brood***